N12/1/A1AFR/SP2/AFR/TZ0/XX

88120004

International Baccalaureate®
Baccalauréat International
Bachillerato Internacional

**AFRIKAANS A1 – STANDARD LEVEL – PAPER 2**
**AFRIKAANS A1 – NIVEAU MOYEN – ÉPREUVE 2**
**AFRIKÁANS A1 – NIVEL MEDIO – PRUEBA 2**

Friday 16 November 2012 (morning)
Vendredi 16 novembre 2012 (matin)
Viernes 16 de noviembre de 2012 (mañana)

1 hour 30 minutes / 1 heure 30 minutes / 1 hora 30 minutos

---

INSTRUCTIONS TO CANDIDATES

- Do not open this examination paper until instructed to do so.
- Answer one essay question only. You must base your answer on at least two of the Part 3 works you have studied. You may include in your answer a discussion of a Part 2 work of the same genre if relevant. Answers which are not based on a discussion of at least two Part 3 works will not score high marks.
- You are not permitted to bring copies of the works you have studied into the examination room.
- The maximum mark for this examination paper is *[25 marks]*.

INSTRUCTIONS DESTINÉES AUX CANDIDATS

- N'ouvrez pas cette épreuve avant d'y être autorisé(e).
- Traitez un seul sujet de composition. Vous devez baser votre réponse sur au moins deux des œuvres de la 3e partie que vous avez étudiées. Le cas échéant, vous pouvez inclure dans votre réponse une discussion sur une œuvre du même genre littéraire étudiée dans la 2e partie du programme. Les réponses qui ne sont pas basées sur au moins deux des œuvres de la 3e partie n'obtiendront pas une note élevée.
- Vous n'êtes pas autorisé(e) à amener des exemplaires des œuvres que vous avez étudiées dans la salle d'examen.
- Le nombre maximum de points pour cette épreuve d'examen est *[25 points]*.

INSTRUCCIONES PARA LOS ALUMNOS

- No abra esta prueba hasta que se lo autoricen.
- Elija un tema de redacción. Su respuesta deberá basarse en al menos dos de las obras estudiadas en la Parte 3. Se podrán hacer comentarios sobre una obra de la Parte 2 del mismo género, si fuera necesario. Las respuestas que no incluyan una discusión sobre al menos dos obras de la Parte 3 no recibirán notas altas.
- No se permite traer a la sala de examen copias de las obras estudiadas.
- La puntuación máxima para esta prueba de examen es *[25 puntos]*.


© International Baccalaureate Organization 2012

*Skryf 'n opstel oor **een** van die volgende. Jy moet jou antwoord baseer op ten minste twee van die Deel 3 werke wat jy bestudeer het. Jy mag in jou antwoord 'n bespreking van 'n Deel 2 werke van dieselfde genre insluit indien relevant. Antwoorde wat **nie** gebaseer is op ten minste twee Deel 3 werke, sal **nie** hoë punte behaal **nie**.*

**Drama**

**1.** "Die sosio-kulturele konteks waarbinne 'n bepaalde drama hom afspeel, werk dikwels bepalend in op die wyse waarop vroulike karakters op gebeure reageer." Bespreek die geldigheid van die stelling deur na ten minste twee gelese dramas te verwys.

**2.** "Die onderliggende dryfveer in die drama is gewoonlik die liefde in al sy gedaantes." Met verwysing na ten minste twee gelese dramas vergelyk die verskillende tipe liefdes verteenwoordig en hul relatiewe belangrikheid ten opsigte van die uitkoms van die dramas.

**Poësie**

**3.** "Kreatiwiteit word dikwels gebore uit die digter se eksistensiële angs." Illustreer die geldigheid van die stelling aan die hand van enkele gelese gedigte.

**4.** "Poësie is bloot die bewys van 'n brandende digterlike lewe. As jou lewe vlammend brand, is die poësie bloot die as." Hoe verstaan jy dié metafoor van poësie as die oorblywende as van 'n vlammende lewe? In jou respons verwys na 'n paar van die bestudeerde gedigte.

**Roman**

**5.** "In die roman is die lewensloop van karakters grootliks gekoppel aan 'n reeks subjektiewe besluite." Deur na ten minste twee gelese romans te verwys, oorweeg en vergelyk die rol wat kritiese besluite speel in die ontwikkeling van 'n karakter.

**6.** Deur na ten minste twee gelese romans te verwys, toon aan hoe en met watter effekte of doeleindes die skrywers bepaalde kulturele elemente inlyf in die verhaal.

**Kortverhaal**

**7.** Sommige kortverhaalskywers glo dat 'n goeie kortverhaal tot 'n ontknoping behoort te lei. Ander skrywers glo dat – soos in die lewe self – die kortverhaal geen ferm oplossing hoef te bied nie. Deur na die slotte van 'n paar gelese verhale te verwys, demonstreer hoe albei dié benaderings bevredigend vir die leser kan wees.

**8.** "Deur terugskouend te werk te gaan, d.w.s. deur na gebeure in die verlede te verwys, kan die kortverhaal skrywer as't ware 'n "groter" doek beskilder." Aan die hand van 'n paar gelese kortverhale demonstreer die gebruik van dié gewilde verteltegniek en hoe dit 'n groter reikwydte aan die kortverhaal verleen.

**Algemeen**

**9.** Klassieke werke behou hul status ongeag die era (of taal) waarin hulle ontstaan. Wat dan maak 'n werk klassiek? Tydlose karakerisering en pertinente eksistensiële vrae? Diep deurforsing van wat dit beteken om mens te wees en die onderliggende universele waardes? Deur na gelese werke te verwys, demonstreer jou begrip van die konsep klassieke letterkunde.

**10.** "Soos wyn die essensie van 'n druiwe-oes weerspieël, so bevat goeie letterkunde die essensie van die lewe self." Evalueer die stelling deur na van die gelese werke te verwys.

**11.** "Literatuur dra by tot die realiteit van ons daaglikse lewens. Dit verryk die nodige vaardighede wat ons lewens vereis, en in dié opsig besproei dit die woestyne wat ons lewens geword het." Deur na gelese werke te verwys evalueer die geldigheid van die stelling.

**12.** "'n Skrywer se *Lebensanschauung* (daardie allesbepalende benadering tot die lewe) rig en en gee vorm aan die wyse waarop 'n skrywer haar temas en karakters benader. Dit kan enersyds lei tot 'n tragiese beskouing van die lewe of andersyds tot 'n triomfantlike hantering van temas en situasies." Deur na gelese werke te verwys, bespreek die geldigheid van dié stelling.

---